Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 30 April 1952. Prys 3d. No. 22.

# S.A. SE OORLOGSDEELNAME DEK NIKS MEER AS BRITSE BELANGE

**Suid-Afrika se verpligting in 'n komende oorlog is verlede week deur dr. Malan in die parlement omskryf toe hy geantwoord het op vrae. Hiervolgens het Suid-Afrika net pligte aanvaar sonder wederkerige pligte aan die kant van sy bondgenote.**

**Hy het gesê dat die Unie op die geheime konferensie in Nairobi onderneem het om een divisie, en miskien nog meer, beskikbaar te stel vir die verdediging van Afrika in die Noorde en die Midde-Ooste. Daardie troepe sal nie in vredestyd gestuur word nie, maar sal gelewer word sodra oorlog uitbreek. In so 'n geval sal die Unie ook besluit watter verdere bydrae hy tot die verdediging van Afrika moet lewer. Die verklaring van dr. Malan bevat sekere leemtes wat vir Suid-Afrika van baie wesenlike belang is.**

'n Paar maande gelede het die Minister van Verdediging, mnr. F. C. Erasmus, op Potchefstroom aan sy offisiere gesê dat hulle op grondslag van Suid-Afrika se ooreenkomste met Brittanje en Amerika van wapens voorsien sal word eers **in die gevegsgebiede,** dit wil sê in Noord-Afrika en die Midde-Ooste. Hieruit was af te lei dat Brittanje en sy bondgenote nie gewillig was om wapens aan die Unie binne Suid-Afrika te lewer nie. Ons weet nie wat die beweegredes agter hierdie ooreenkoms was nie — 'n ooreenkoms wat nie sonder vernedering vir Suid-Afrika is nie, maar 'n mens kan maklik raai. **Dit mag die bedoeling gewees het van Brittanje om die Unieregering daardeur onder die indruk te bring dat Suid-Afrika maar te dankbaar behoort te wees indien die groot moondhede hom in „beskerming" neem daar ver in die Noorde waar hulle hul eie olie- en seevaartbelange moet beskerm, en dus ook so 'n brokkie kry wat van die rykmanstafel val. Die uitwerking daarvan moes dan gewees het dat Suid-Afrika slegs verpligtinge dankbaar sal aanvaar sonder om teen-eise te stel vir die hulp wat hy aan Brittanje verleer. Dit sou Brittanje vrywaar van enige ongerieflike ondernemings teenoor die Unie ten opsigte van Afrika.**

### MOES NOU GESÊ HET

Dr. Malan het nou die geleentheid in die parlement gehad om aan te toon watter voordele Suid-Afrika uit 'n oorlog gaan trek waaraan hy deelneem — of Afrika veilig sal wees vir die witman ná die oorlog of nie. Die Eerste Minister het agterweë gebly om enige voordeel op te noem behalwe dat Suid-Afrika teen kommunistiese agressie saam met ander volke sal veg en daardeur iets doen in belang van sy eie beskerming teen kommunisme. **Hierdie selfde beskerming geniet die Suid-Koreane natuurlik ook vandag ten koste van Suid-Afrika se paar miljoen pond per jaar en ten koste van tienduisende Amerikaanse en Britse gesneuweldes — sonder enige verpligting wat Korea vooraf teenoor Amerika of Brittanje of Suid-Afrika onderneem het.**

### DINK NET AAN HULSELF

Groot moondhede is nie so besorg oor klein volkies dat hulle miljoene ponde en menselewens sal bestee terwille van die beskerming van klein volkies nie. Hulle beskerm klein volkies alleen wanneer en in sover dit ook in belang van hul eie verdediging of wêreldpolitiek is. **Suid-Afrika hoef dus nie te hoop op Britse of Amerikaanse verdediging groter as wat laasgenoemdes in elk geval hulself gedwonge voel om te gee terwille van hul eie oogmerke nie.** Daarom is dit heeltemal onsinnig om Suid-Afrika as verleë voor te hou oor buitelandse hulp en op grond daarvan dit as 'n voorreg te beskou om ongewapende troepe aan Brittanje in die Midde-Ooste te lewer ter verdediging van „Suid-Afrika." Brittanje en Amerika is minstens net so verleë oor Suid-Afrika se medewerking in hul stryd teen kommunistiese wêreldoorheersing. **Suid-Afrika se strategiese posisie en sy minerale rykdomme, waaronder die mees gesogde atoomstof uraan, is die waarborg vir buitelandse hulp — nie Suid-Afrika se ongewapende divisie in die omgewing van Persië nie.**

### EMPIRE-DIENS

Die aankondigings van die Eerste Minister nou ná die toespraak van min. Erasmus voor sy offisiere laat 'n gevoel van neerslagtigheid. **Dit is duidelik dat Suid-Afrika maar net weer sy gewone Empire-diens van die Sap-era aanvaar het— die dae toe Suid-Afrika ook so afhanklik was van Britse beskerming dat hy alles moes offer, selfs sy republikeinse ideaal.**

Op 22 Augustus verlede jaar, toe min. Erasmus in onderhandeling was in Nairobi oor Suid-Afrika se bydrae, het DIE O.B. as volg in 'n hoofartikel geskryf:

### STEL EISE

„Daar word oor die verdediging van Afrika samesprekings gevoer. **Watter Afrika — Brittanje se beoogde swart kontinent, of ons eie begrip van 'n blanke land?** Te oordeel na uitlatings beskou politici Suid-Afrika vandag in die posisie van 'n bedelaar. Hy word deur die kommunisme bedreig en moet daarom beskerming van Brittanje en Amerika gaan afsmeek. Gevolglik het hy geen aanspraak op enige eis nie. **Dit is 'n dom en gevaarlike standpunt. Die wêreld is oor Suid-Afrika net so verleë as oor enige ander land wat 'n strategiese posisie beklee (soos Korea). Weens ons ligging en ons bodemrykdomme, waarby ingesluit die atoomstof uraan, kan die Weste vir geen oomblik bekostig dat Suid-Afrika in die hande van Rusland val nie. Ons het dus 'n sterk troef in die hand en ons moet dit gebruik om vir Suid-Afrika gunstige voorwaardes af te dwing in Afrika, die belangrikste waarvan is 'n reëling om Afrika in blanke en nie-blanke state te verdeel sodat ons ons segregasiebeleid kan deurvoer. Alleen so sal deelname aan 'n oorlog in belang van blanke Suid-Afrika kan wees.** As Brittanje in die Eerste Wêreldoorlog vryheidsbeloftes aan die Jode kon maak ten einde hul medewerking te kry, behoort hy dit net so geredelik tans aan Suid-Afrika te doen."

Dit is teleurstellend om nou uit die mond van ons Nasionale Eerste Minister te verneem dat Suid-Afrika net pligte aanvaar het — **dieselfde soort pligte wat hy voorheen ook maar in die Smutsoorloë aanvaar het, sonder enige voordeel vir homself.**

# 57 NUWE LESERS VIR ONS BLAD

**Verlede week het lesers van Die O.B. weer sewe-en-vyftig nuwe intekenare op ons blad gewerf. Een van die lesers, mnr. H. J. du Toit, Rhenosterkop, Beaufort-Wes, het ongetwyfeld alle vorige rekords geslaan. Hy het die prestasie op sy kerfstok dat hy die name, met intekengeld vir een jaar, van vyftig nuwe lesers van Die O.B. ingestuur het.**

**'n Besondere woord van dank is aan oom Hennie du Toit verskuldig vir hierdie pragtige voorbeeld van toewyding aan die Ossewabrandwag.**

Die volgende lesers het verlede week intekenare gewerf: mnr. J. F. van der Merwe, Kaallaagte, een vir 'n jaar; mnr. J. J. Jacobs, Tuangs, een vir 'n jaar; mnr. J. S. Nel, Oudtshoorn, een vir 'n jaar; staatsamptenaar, twee vir ses maande; D. F. de Swardt, Worcester, een vir 'n jaar; mnr. H. J. du Toit, Beaufort-Wes, vyftig vir 'n jaar elk; en mnr. J. A. Strauss, Tiervlei, een vir 'n jaar.

Aan al hierdie lesers ons hartlike dank vir hul ywerige werwingspogings.

Daar is dertig pond droë biltong uit Suid-Wes op die spel met betrekking tot hierdie werwingswerk. Die drie baaswerwers gaan teen die end van Augustus 15, 10 en 5 pond biltong onderskeidelik ontvang.

### UITDAGING

Ons weet reeds van een leser wat aanspraak maak op die vyftien pond biltong. Dit is oom Hennie du Toit. Hy skryf: „Ek dink julle kan reeds by voorbaat vir die goeie vriend uit Suid-Wes laat weet hy kan maar die biltong na my toe aanstuur. Ek het tog so lus vir daardie Suid-Wes-biltong." Maar dit is mos 'n uitdaging? Of hoe? Wie sal die uitdaging aanvaar en oom Hennie se rekord slaan?

**As gevolg van die pogings van ons lesers word Die O.B. elke week deur meer en meer mense gelees. En dat die nuwe lesers se belangstelling geprikkel word, blyk uit briewe wat die redaksie ontvang.** Ons lesers doen uitstekende werk vir Die O.B. Vandaar ons dank aan almal en ons staande oproep dat voortgegaan moet word met die goeie werk.

# Amptenare Belet

Die Torch Commando is tot politieke organisasie deur die Regering verklaar en geen staatsamptenaar (ook van die provinsiale administrasies en van Suidwes) mag lid daarvan wees nie.

Die antwoord van die Torch Commando daarop was dat hulle „nie veel lede in die staatsdiens het nie." (Toe die Ossewabrandwag in 1941 deur die regering tot politieke organisasie verklaar is, het die destydse leier, dr. J. F. J. van Rensburg, alle amptenare eervolle ontslag gegee.)

# *Byeenkoms van Suid-Transvaal se Offisiere*



MNR. J. G. S. OPPERMAN

Daar sal 'n vergadering van hoofoffisiere van die Ossewabrandwag in Gebied E (Suid-Transvaal) gehou word in Johannesburg op Saterdag, 10 Mei, om 10.30 vm. By die geleentheid sal die reorganisasie van die O.B. in die Gebied van stapel gestuur word.

Hoofgeneraals, generaals en hoofkommandantes word opgeroep na die vergadering. Ander belangstellende lede van die O.B. is ook welkom. Vir nadere besonderhede moet offisiere in verbinding tree met die Gebiedsleier, mnr. J. G. S. Opperman.

Die vergadering is belê deur mnr. J. G. S. Opperman, die Gebiedsleier, in oorleg met mnr. J. A. Smith, die waarnemende leier van die O.B.

# *Net Party Oud-Geïnterneerdes Sal Tegemoetkoming Ontvang*

**Dr. T. E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, het verlede Vrydag in die Senaat aangekondig dat die Regering nie wetgewing gaan indien om verligting te gee aan oud-geïnterneerdes nie. Slegs diegene wat in die staats- en spoorwegdiens is sal in bepaalde gevalle tegemoetkoming ontvang. Hierdeur het dr. Dönges die berig bevestig wat Die O.B. reeds op 2 April gepubliseer het.**

Die Minister het verklaar dat amptenare van die staats- en spoorwegdiens wat geïnterneer was, ooreenkomstig die oorlogsmaatreëls sekere diensvoordele verbeur het, tydens hul internering. Die Regering is voornemens om die diensvoordele wat oud-geïnterneerdes werklik verdien het maar weens hul internering verbeur het, te herstel. Om dit te doen is wetgewing nie nodig nie. **Die Regering tree slegs op in sy hoedanigheid as werkgewer en as sodanig kan hy die diensvoordele wat die betrokke amptenare reeds verwerf het en toe weens internering verbeur het, herstel.**

Die Minister het gesê dat die Regering geen kompensasie sal betaal ten aansien van die tydperk van internering nie.

### KOM NIE IN AANMERKING

Oud-geïnterneerdes wat nie vir verligting in aanmerking kom nie is:

Persone wat nie in die staats- of spoorwegdiens is nie; persone wat skuldig bevind is aan sabotasie deur 'n geregshof of deur 'n behoorlik saamgestelde ander liggaam; en persone wat volgens die Regering se sienswyse nie geregtig is op verligting nie.

Dit beteken dat die meerderheid van oud-geïnterneerdes outomaties uitgesluit word van verligting.

As gevolg van sy besluit om slegs in sy hoedanigheid as werkgewer die diensvoordele wat sy oud-geïnterneerde werknemers werklik verwerf het en toe verbeur het, te herstel, is die Regering besig om die beginsel wat ten aansien van hierdie saak op die spel is te ontduik.

Dit is goed en reg dat staatsamptenare wat diensvoordele verwerf het en dit toe om politieke redes moes verbeur, hul diensvoorregte sal terugkry.

### ONREG NIE HERSTEL

Maar wat omtrent die feit van hulle internering? Daaromtrent doen die Regering hoegenaamd niks. **Die Regering se maatreëls gaan nie oor die herstel van die onreg wat Afrikaners aangedoen is toe hulle deur die voormalige oorlogsbewind van veldm. Smuts geïnterneer is nie.** En dit is juis hierdie onreg wat oud-geïnterneerdes herstel wil hê.

Die feit is dat die regering (in hierdie geval die Smutsregering) 'n groep eerbare en beginselvaste Afrikaners gruwelik veronreg het gedurende die oorlogsjare. **Dit lê die plig op 'n latere regering om daardie onreg te herstel.** En meeste oud-geïnterneerdes voel dat die vervulling van hierdie plig 'n ere-skuld is wat die Ma'an-regering (wat tog darem op sy minste geestelik aan hul verwant is) moet vereffen.

### BEGINSEL

Dit gaan vir die oud-geïnterneerdes nie om die bedrag wat aan hulle toegeken mag word vir kompensasie vir hul internering nie. Dit gaan om die beginsel van kompensasie (hoe min ookal) omdat dit enersyds die bewys is van die owerheid se erkenning dat hul veronreg is en andersyds die aanskoulike gebaar van die herstel van daardie onreg is.

En dit is hierdie ere-skuld wat die Regering in gebreke gebly het om te vereffen.

DIE O.B., WOENSDAG, 30 APRIL 1952

# AGTERSTE SPOOK IS DIE GEVAAR

„Ek is nie bang vir die spook met die wit laken nie, maar ek is bang vir die spook wat agter hom staan." Met hierdie woorde het 'n skrikgemaakte eenmaal sy bangmaker op die loop gejaag. Ons kom in die versoeking om dieselfde woorde te gebruik ten opsigte van die huidige bewind se pogings om sy wet op die Kleurlingstemreg gehandhaaf te kry — desnoods deur 'n hof van partypolitici aan te stel as hoogste geregshof in die land. **Ons het al voorheen gewaarsku dat die Regering se pogings om die Kleurlingstemreg te wysig deur middel van 'n gewone partymaatreël, die deur oopmaak vir 'n volgende partyregering om homself op sy beurt weer te versterk deur uitbreiding van die nie-blanke stemreg, en ons het ook gewaarsku dat laasgenoemde oor 'n veel groter potensiaal beskik as die Nasionale Party in hierdie opsig.** Nou gaan die Regering 'n stap verder met sy wetsontwerp wat die instelling van 'n hof van parlementslede beoog. Daardeur ontneem die Regering die howe geensins hul sogenaamde „toetsingsreg" nie — hy oortroef hulle net. **In werklikheid word die politieke party aan bewind die hoogste regbank gemaak ten opsigte van sake wat in verband met die grondwet gebring kan word, en soos ons maar te goed weet wissel partyregerings mekaar in ons land af teen 'n gemiddelde tempo van sewe jaar. Soos voorheen in ons blad aangetoon, het nog geen party meer as twee verkiesings na mekaar gewen nie — nòg in Suid-Afrika, nòg in Engeland. Dit is dus omtrent so seker soos nag die dag opvolg dat ons in die volgende tien jaar — dalk nog volgende jaar — 'n nuwe regering sal hê. Hierdie regering sal toegerus wees met die wapens wat dr. Malan se bewind vandag vir hom smee en een van daardie wapens sal wees die nuwe hof van partypolitici.**

### STEEDS DOLLER

**Dit is nie so seer die kwaad waartoe hierdie nuwe instelling self in staat mag wees, wat ons vrees nie, as die presedent wat dit skep vir 'n toekomstige bewind om in dieselfde gees van oortroefing sy mag te handhaaf. Die politiek van die land ontwikkel in nog groter en gevaarliker mate as wat reeds die geval is in 'n stryd om mag waarin die partypolitieke arena nou selfs uitgebrei word na die waardige terrein van die regbank.** Dit is soos 'n man wat die hulp van katte inroep teen muise, maar as die muise verdwyn het, roep hy die hulp van honde in teen die katte, daarna 'n tier teen die honde, en so gaan die proses van inroeping van groter magte om kleineres uit te skakel, aan totdat daar geen groter mag meer oorbly om die grootste euwel in bedwang te hou nie. **Dit is 'n proses van uitrafeling aan 'n gevestigde orde en die een wat die laaste rafel trek, is die man wat wen. En watter versekering het dr. Malan dat hy die laaste rafel sal trek?**

In sy uiteensetting van die wetsontwerp het dr. Dönges verklaar dat „die Hoë Hof van die Parlement die mag (sal) hê om die staatsregtelike posisie te herstel soos dit deur die Appèlhof van 1937 gestel is." Ons het reeds gesien dat die Appèlhof na vyftien jaar sy vorige uitspraak omver gewerp het en daarmee 'n hele reeks maatreëls sedert 1931 in gevaar gestel het. Wat verhinder dat elke nuwe parlementshof met behulp van slim sette deur die regerende party — soos byvoorbeeld uitbreiding van jurisdiksie of wysiging van prosedure — vorige uitsprake kan verander? Die Appèlhof bestaan darem tog uit regters wat veronderstel is om in die eerbare tradisie van onpartydigheid as regsbevoegdes op te tree, terwyl die parlementshof van dr. Dönges uit partypolitici bestaan wat hul instruksies van die partykoukus ontvang en dus na elke bewindsverandering noodwendig van standpunt moet verander. Maar wat bly dan eindelik oor van politieke en regsbestendigheid in ons land?

### ANDER STELSEL NODIG

**As ons ons toevlug moet neem tot hierdie soort vernuftighede om ons partydoelstellings te bereik, begeef ons ons op baie gladde weë. Wanneer partyoorlog reeds so ver gevorder het dat partyhowe ingestel moet word as waghonde oor die land se hoogste regbank, dan vrees ons dat die partypolitiek sy rol uitgespeel het en dat die volk na iets stewigers sal moet gryp.**

**Die oplossing van die hele vraagstuk van segregasie — want dit is waaroor die Kleurlingwet veronderstel is te gaan — lê nie in die skepping van slimbedagte Frankensteins wat te gelegenertyd teen hul eie skeppers gedraai kan word nie, maar dit lê in die eerste plaas in 'n grondige hervorming van ons staatsbestuurlike stelsel sodat regering weer 'n saak van wyse landsbestuur deur PERSONE kan word, in plaas van 'n verbete stryd om mag tussen partye wat deur die bestaande stelsel soos beroepstoeiers in 'n „arena" saamgegooi word met die doel om mekaar uit te muilskop — tot desnoods buite die arena.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### Die Koukus word Hof

Verlede week het die „oulike" dr. Dönges, die minister van binnelandse sake, die „troefkaart" gespeel waarmee die Regering die huidige veelbesproke grondwetlike krisis wil „oplos." Die Regering gaan naamlik 'n wet maak waarvolgens die koukus van die meerderheidsparty in die parlement tot hoogste geregshof in die land verhef word.

Dr. Dönges is natuurlik oulik genoeg om die saak nie heeltemal so te stel nie. O nee. Sy stelling is dat die parlement die hoogste hof in die land word en dat die verkose verteenwoordigers van die soewereine volk in die Volksraad en die Senaat die land se hoogste en finale Appèlregters word. Maar dit is bekend dat die parlement slegs daardie besluit neem wat die koukus van die meerderheidsparty voorskryf; en dat die sogenaamde verkose verteenwoordigers van die volk in der waarheid die dienswillige dienare van hulle party is wat onderhewig is aan die dissipline van hul partykoukus.

Daarom beteken die Regering se „troefkaart" dat die koukus van die meerderheidsparty in die praktyk die land se hoogste geregshof word.

Ek wil vandag 'n paar gedagtes uitspreek oor die magsuitbreiding van die politieke party in die moderne staat. Dit is 'n ontwikkeling wat noodlottige gevolge het vir die vryheid van volke en myns insiens is dit die plig van elke burger om aandag aan die saak te skenk en afkeuring daaroor uit te spreek.

### Twee Verskynsels

Maar vooraf wil ek wys op twee verskynsels ten aansien van die Regering se nuwe hoogste hof wat ernstige sorg baar.

Vir die eerste keer word daar in ons land 'n hof ingestel wat nie eers die skyn van onpartydigheid sal hê nie. Dit is 'n rewolusionêre afwyking, ten kwade, van die bestaande regspraktyk. Almal weet dat wanneer die Appèlhof 'n wet van 'n regering onwettig verklaar en wanneer 'n regering na die parlementêre hof appèleer dan teken hy by homself appèl aan en dan sal die uitspraak in sy guns wees. Onder hierdie omstandighede sal die nuwe hof nie eers die skyn van onpartydigheid besit nie.

In die tweede instansie skep die instelling van die nuwe hof van die parlement, 'n blywende chaotiese toestand van onsekerheid ten aansien van Suid-Afrika se staatsregtelike posisie. Die Regering vergeet blykbaar dat die Nasionale Party se koukus nie altyd die land se hoogste geregshof sal bly nie. Oor 'n paar jaar is die koukus van die Verenigde Party weer die hoogste geregshof. En dan herroep hy weer die uitsprake van die Nasionale Party se koukus deur aan die meerderheid van die lede van die parlementêre hof opdrag te gee om 'n ander uitspraak te lewer. En so sal dit aangaan solank die meerderheidsparty die hoogste hof van die land bly.

Die belaglike toestand sal ontstaan dat Suid-Afrika se staatsregtelike posisie sus is as die Nasionale Party regeer en sas is as die Verenigde Party regeer. Dit mag die politieke partye bevoordeel om die verskille tussen hulle skerp te omlyn, maar dit is doodseker dat die belaglike toestand die volk sal benadeel.

### Slinkse streke lyk nie mooi nie

Ten slotte wil ek net sê dat die peil van ons openbare lewe verlaag word as regerings van slinkse streke gebruik maak om hul doel te bereik. En die Regering se nuwe wet lyk vir my na so 'n slinkse streek. Volgens die uitspraak van die Appèlhof mag die parlement nie die verskansde bepalings van die grondwet verontagsaam nie. Nou wil die Regering 'n wet maak waarvolgens die parlement, kastig nie as parlement nie, maar as geregshof sal sit— en dan mag die parlement die verskansde bepalings verontagsaam.

Die Regering en dr. Dönges mag dink dat hulle baie „oulik" is. Miskien is hulle. Maar baie mense sal dink dat dit 'n slinkse streek is om die wet te omseil. En hulle sal nie daarvan hou nie, want dit lyk nie mooi nie.

### Diktatuur van die Meerderheidsparty

Ek kom nou by die magsuitbreiding van die politieke party.

Wanneer 'n politieke party onder huidige omstandighede in ons land 'n oorwinning by die stembus behaal dan verwerf die klompie beroepspolitici wat die party lei nie alleen volkome wetgewende gesag oor die volk nie, maar ook volkome uitvoerende gesag. En ooreenkomstig die Regering se nuwe wet sal hulle voortaan ook die hoogste regsplegende mag verwerf.

Die mag van die politieke party word tans absoluut.

Meeste deskundiges op die konstitusionele gebied aanvaar die stelling dat die vryheid van 'n volk nie verenigbaar is met die konsentrasie van absolute mag in die hande van een persoon of groep of kliek nie. Sodra dit gebeur dan ontstaan 'n diktatuur.

Die ontstaan van die koukusdiktatuur of die diktatuur van die meerderheidsparty is 'n betreklike moderne ontwikkeling in die sogenaamde demokratiese lande.

### Die Posisie in Amerika

Die Vaders van die Amerikaanse Konstitusie het geglo dat hulle 'n konstitusie opgetrek het wat die triomf van die vryheid is, deurdat dit die moontlikheid van enige vorm van diktatuur geheelenal uitgeskakel het. Hulle het die uitvoerende, wetgewende en regterlike magte van mekaar geskei en die een die waghond gemaak wat moet waak teen magsinpalming deur die ander. Maar hulle het nie rekening gehou met die ontwikkeling van die partystelsel nie en met die verkragting van hulle goeie voornemens deur die politieke party nie. Vandag gebeur dit in Amerika dat die sterkste politieke party in die land die president verkies en sodoende die uitvoerende gesag inpalm; die meerderheid van die lede van die kongres verkies en sodoende die wetgewende gesag inpalm; en die regters op die regbank plaas en sodoende die regterlike gesag inpalm.

Dit is 'n ongesonde ontwikkeling waarteen Amerikaanse skrywers oor konstitusionele sake al dikwels ernstig gewaarsku het.

### Parlement Verloor sy Mag

Die konstitusionele geskiedenis van Brittanje is 'n lang relaas van die stryd tussen die parlement, verteenwoordigende die volk, en die koning se absolute mag. Hoewel die parlement die stryd uiteindelik gewen het, het die parlement weer op sy beurt, as gevolg van die ontwikkeling van die partystelsel, die mag verloor aan die koukus van die meerderheidsparty. Vandag is die Britse parlement 'n skyn — sy funksie is slegs om die stempel van wettigheid af te druk op die besluite van die koukus van die meerderheidsparty.

Dit is bekend dat koningin Anna sowel as Willem die Derde die stelsel van partyregering verfoei het en dit nie wou aanvaar nie. Hulle het nog hul ministers gekies uit lede van sowel die meerderheids- as die minderheidsparty. Die stelsel van partyregering het in swang gekom in Brittanje in die tyd van George die Eerste en George die Tweede. Hulle was Duitsers — vorste van Hanover — wat hul aandag en hul belangstelling aan hul geboorteland gewy het. Hulle kon nie Engels praat nie en het hul Britse Koninkryk maar laat begaan. In hierdie jare, toe die Engelse parlement hoofsaaklik aan homself oorgelaat was, het die stelsel van partyregering in Brittanje wortel geskiet.

### Die Ongenooide Gas Grawe Hom In

In Engeland, net soos later in Amerika, is die stelsel van partyregering nie bewustelik nagestreef nie. Dit het as 'n ongenooide gas intrek geneem en later die huis geërf.

Die Engelse het die partystelsel na Suid-Afrika gebring. Die Afrikaners se tradisie is om sonder politieke partye te regeer.

Sedert die stigting van Unie word Suid-Afrika regeer deur die leiers van die meerderheidsparty in die parlement. Twee gevolge het hieruit gevloei:

Eerstens. Die volk van Suid-Afrika het geleer dat hul regerings nie wette maak om die probleme van die land op te los nie, maar dat hulle wette maak met die oog op die propagandawaarde wat dit by die volgende verkiesing sal hê.

Tweedens het geblyk dat die politieke partye in hulle strewe na mag hulleself probeer ingrawe het op alle terrein van die volk se lewe. Die nuwe wet van die Regering wat die sterkste politieke party nou ook die hoogste regterlike gesag wil maak is die jongste en mees skouspelagtige voorbeeld van hierdie ingrawery.

### 'n Teken van die Tyd

Dit is terloops interessant om daaraan te herinner dat die Regering, nie so lank gelede nie, die Appèl na die Geheime Raad (d.i. na die Koning) afgeskaf het en die Appèlhof in ons land verhef het tot die hoogste regterlike gesag in en oor Suid-Afrika. Nou gaan die Regering weer 'n regterlike gesag bokant die Appèlhof instel — maar hierdie keer sal dit nie die Koning, handelende op advies van die Geheime Raad, wees nie, maar wel die sterkste politieke party, handelende op advies van sy oulikste politici.

Dit is simptomaties van die usurpasie van mag deur die politieke party.

Klaarblyk'ik moet die vraag gestel word: Waarheen moet die diktatuur van die meerderheidsparty lei? Daaroor hoef daar nie bespiegel te word nie. Die praktyk het die antwoord verskaf: Dit lei na die diktatuur van die enkele party wat uitgeoefen word deur die leier van die party wat as diktatuur regeer.

Die kommuniste het die partystelsel na sy uiterste konsekwensies gevoer. Hulle het die Kommunistiese Party gestig en wanneer hierdie party aan die

(Vervolg op bladsy 3 kolom 2)

DIE O.B., WOENSDAG, 30 APRIL 1952

# BUITESTAANDER GEE GETUIGSKRIF VIR ONS BLAD

## Soos Ons Lesers Dit Sien

Mnr. J. P. Stassen, Pretoria, skryf:

Ek is bly om te sien dat u 'n veldtog aan die gang gesit het vir meer intekenaars en hoop u sal baie sukses daarmee hê. Ek is nie 'n lid van die O.B. nie, maar is 'n intekenaar op u blad vir baie jare — amper van sy ontstaan af. Dit is 'n blad wat elke leser behoort te lees, afgesien of hy Sap, Nat of Arbeider is. Van die begin tot die einde is die blad lesenswaardig. Daar is pit in en baie stof tot nadenking en selfondersoek. Of 'n man nou met a'les saam stem of nie, tog is dit nuttig om jou eie standpunt aan te toets. Een ding staan soos 'n paal bo water: dat die O.B. die gedagte van 'n republiek, soos ons Transvalers dit geken het, getrou vertolk en propageer. Ons mag verskil oor die tyd en metode maar nie oor die doelstelling nie.

Bowendien is die intekengeld so laag, naamlik 12/6 per jaar, dat die armste man dit kan bekostig.

Die sirkulasie van DIE O.B. behoort etlike duisende te wees. Ek kan dus nie verstaan waarom u so min besigheidsadvertensies het nie. Kan u nie 'n flukse gesalarieerde man aanstel vir die werwing van advertensies nie? Hier is bepaald 'n veld wat beter ontgin kan word.

As O.B.-lede van hul georganiseerde koopkrag gebruik maak, kan hulle u baie help. As 'n mens na die baie advertensies kyk in onbenullige distrikskoerantjies, kan mens nie begryp waarom daar bykans geen advertensies in u blad is nie. Is daar nie O.B.'s wat ook iets wil koop of verkoop nie? Is daar nie van hulle wat trou of 'n seuntjie ryker geword het en dit wil bekend maak aan hulle vriende en wapenbroers nie? En so kan 'n mens die lys nog baie uitbrei. Ek sien daar niks van in u blad nie. Sonder advertensie kan 'n blad nie bestaan nie, in elk geval nie groei en bloei nie. Die O.B.-politiek kan nie die rede wees nie. Besigheidsmense oor die algemeen weet aan watter kant hul brood gebotter is, en sal adverteer as dit tot hul voordeel strek.

(Ons waardeer ons briefskrywer se opmerkings en hoop dat dit sal dien as spoorslag vir lesers om te adverteer of DIE O.B. as advertensie-medium aan ander voor te hou. Ons ontvang gedurig briewe van adverteerders wat hul tevredenheid uitspreek oor die resultate wat hulle uit ons blad behaal het.—RED.)

# BRITTE AL WEER BEDREIG DEUR VINNIGE ARBEID

**Klagte oor Duitse handelsmededinging styg steeds harder op in Engeland. Die jongste toevoeging is van die kant van Britse fabrikante van elektriese ware.** In hul jaarverslag word verklaar dat die Duitse uitvoer van elektriese toestelle in 1951 een-derde was van die Britse rekordsyfer van £189,000,000. **Die Duitse welslae word toegeskryf aan vinniger aflewering en die tekort aan grondstowwe in Brittanje.** Soos kort gelede in Die O.B. berig, het die Amerikaanse Instituut vir Masjienprodukte in 'n gepubliseerde verslag tot die gevolgtrekking gekom dat die twee wêreldoorloë van hierdie eeu veroorsaak is deur die feit dat Duitsland Brittanje weens doeltreffender arbeid oortref het in produksie.

**Watter stappe gaan Brittanje hierdie keer doen om sy handel teen Duitsland te handhaaf? Suid-Afrika het belang daarby, want die vorige twee keer moes ons Brittanje bystaan in sy oorloë. Of sal ons hierdie keer Brittanje net bystaan met ekonomiese hulp, soos mnr. Havenga reeds in Londen onderneem het?**

# EEN BEDIENDE VIR ELKE SOLDAAT

**Die Duitsers is deur die Geallieerdes 'n swaar las opgelê vir die handhawing van Geallieerde besettingstroepe in Duitsland. Die hele koste moet deur die verpletterde Duitse volk gedra word. Hoe word hierdie geld bestee? Dit blyk onder meer dat daar vir elke Geallieerde soldaat 'n bediende aangehou word waarvoor die Duitsers moet betaal.**

Die geweldige koste van 760,000,000 mark per jaar het die Bonn-regering beweeg om 'n ondersoek aan te vra na die besteding van die geld. Hulle standpunt is dat hulle moet weet hoe die geld bestee word voordat hulle hul medewerking aan die verdediging van Europa kan verleen wat insluit die instandhouding van Geallieerde troepe in Europa.

Die versoek is toegestaan en daarmee sal binnekort begin word. **Intussen berig Sapa-Reuter dat een van die dinge wat die Duitsers sal ontdek, is dat daar vir die 23,000 Amerikaanse troepe 24,250 bediendes aangehou word! Uncle Sam se „Government Issues" moet inderdaad 'n rojale tyd in Duitsland hê.**

### TOEGESTEM

In 'n latere berig is gemeld dat die Amerikaanse leër toegestem het dat die getal huisbediendes, goedkoop treinritte wat die soldate tydens verlof kry en ander weelde waarvoor die Duitse regering betaal — en wat driekwart van die hele Wes-Duitse verdedigingsbegroting bedra — aansien'ik verminder sal word.

Die Britse en Franse soldate het nog nie hiertoe ingestem nie, hoewel hulle dieselfde weelde geniet. Daar word egter verwag dat hulle weens Amerikaanse druk ook binnekort daarvan sal afsien. Dit sal dan beteken dat elke soldaat self vir sy bediende sal moet betaal of sy eie werk doen.

# Tien Jaar Gelede

## DEELNAME AAN OORLOG

**Op 29 April 1942 het Die O.B. 'n beleidsverklaring gepubliseer wat deur die Kommandant-generaal op gesag van die Grootraad ingereik is. Daarin het dit o.m. gelui:**

5. „Eerstens sien ons dat die huidige wêreldoorlog fundamenteel verskil van sy voorganger van 1914-18, deurdat hy 'n bepaalde en onherroeplike stap in die rigting van 'n nuwe en radikaal anderssoortige tydperk is. Die mensdom tree oor die drumpel na die Rewolusie van die Twintigste Eeu. Die wiel van die geskiedenis draai na die nuwe bedeling.

„Uit hierdie gesigspunt moet ook ons deelname beoordeel word.

6. „Tweedens gaan ons uit van die standpunt dat die Afrikanerdom nie gaan veg vir die behoud van 'n gedoemde Britse Imperialisme en sy mede-gedoemde tweelinbroer, die Kapitalisme nie. Inteendeel, ons voel dat elkeen van die Afrikaners wat in die Noorde veg, te goed is om vir die Empire opgeoffer te word.

7. „Derdens gaan ons uit van die standpunt dat die Afrikanerdom as jong volk alles te wen het in die nuwe wêreldbedeling, terwyl hy in die oue alreeds byna alles behalwe sy siel verloor het.

8. „Derhalwe weier ons om te veg vir die bestendiging van die Empire en die Geldmag. Insonderheid verwerp ons die volksgevaarlike beleid van die Empire-regering hier te lande dat ons redding van 'n vermeende buitelandse geelgevaar moet soek deur onsself te werp in die arms van 'n aktuele binnelandse swartgevaar.

„Vir ons Republiek sal ons veg, vir hul Empire nie."

# SYBRAND

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

bewind kom (deur die stembus of deur geweld) likwideer hy alle ander partye; voer hy die eenparty-stelsel van regering in; en stig by die sogenaamde diktatuur van die proletariaat wat in die praktyk beteken dat die leier van die party die diktator van die land word.

### *Die Reaksie*

Dit is heeltemal verstaanbaar dat die politieke party met sy strewe na mag en sy klaaglike misbruik van daardie mag, teenkanting sal uitlok. Elke aksie het 'n reaksie. En die reaksie teen die partypolitiek is nie alleen daar nie, maar in ons land het dit 'n baie duidelike gestalte aangeneem, nl. partylose regering. Die bekende standpunt van die Ossewa brandwag is dat volksregering slegs moontlik is in 'n partylose staat. Hierdie standpunt is die reaksie, wat in die toekoms, nie by minder mense nie, maar noodwendig by meer en meer mense sal posvat.

# Pot Verwyt Ketel

Adv. Strauss, leier van die Verenigde Party, het die Regering van dr. Malan verlede week verwyt dat hy militêre verbintenisse ten opsigte van die Midde-Ooste aangegaan het sonder om die volk daarin te ken. Daardeur het die Regering 'n presedent geskep, het hy gesê.

Dat dr. Malan se bewind verder gegaan het as dié van genl. Smuts deur in vredestyd militêre verpligtinge aan te gaan oorsee is waar, maar vir die Verenigde Party, wie se oorlogsbeleid van 1939 welbekend is, pas dit nie juis om kritiek in hierdie verband uit te oefen nie, maar dit toon die eise wat opposisieskap terwille van opposisie aan mense stel.

# Vind Geen Joodse Werkers in S.A.

'n Voorman van die regeringsparty in Israel, Yona Kesse, het onlangs 'n besoek aan Suid-Afrika gebring en sy bevindings, volgens die Jewish Herald, in die koerant Hador bekend gemaak.

Hy verklaar dat daar geen ware werkers in die Sionistiese Sosialistiese Party in Suid-Afrika is nie, dog net „handelaars en ander soorte kapitaliste."

Hy het groot lof vir die Malan-regering „onder wie se bewind die Jode floreer."


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411; KAAPSTAD.**

### MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, lineoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW**, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry. 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOERE-GENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR, kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf. Inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49



**Beter Tabak * maak Beter Sigarette**



**Kommando**

**Suid-Afrika se** *gewildste* **sigaret**




* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-3074

# POLITICI SAL FAKKELS BETYDS BLUS

## Opsweping net vir Verkiesing

**Terwyl die partypolitieke woede in die parlement oor die sogenaamde „grondwetlike krisis" die indruk van onegtheid op 'n onpartydige koerantman maak, is die „volk daarbuite" besig om kookpunt te nader en partypolitieke mondstukke moet so nou en dan 'n bietjie stroom afdraai ten einde te verhoed dat die temperatuur 'n hoër punt bereik as wat nodig is vir 'n volgende verkiesing. In sy weeklikse oorsig gee die parlementêre verteenwoordiger van die onafhanklik blad Dagbreek sy indrukke van die storm in die parlement as volg weer:**

„Dit sou maklik vir my wees om te skryf dat hierdie week in die Volksraad ,rumoerig' en ,stormagtig' was en die indruk weergee dat die stryd ,om die behoud van die konstitusie' in bittere felheid, tot die laaste druppel bloed gestry het. Oënskynlik was al die tekens daar. Twee lede moes die Raad verlaat, 'n derde is vir 'n week lank geskors, daar was sprake van Hitlerisme, Fascisme, anargie, rewolusie. Voorbankers en ministers moes herhaaldelik hulle woorde terugtrek en die Speaker het die moeilikste week van die sitting deurgemaak. **Tog het ek nie die indruk gekry dat daar 'n ,eerlike' spanning geheers het nie. Daar was nie die werklike intensiteit wat groot krisisdebatte van die verlede gekenmerk het nie en mens het nie met gespanne senuwees gesit en wag dat daar enige oomblik 'n uitbarsting sou kom nie.**

„Blote reportage van die week se onstuimigheid gee 'n onstuimiger indruk as wat die waarnemer by die slagveld gekry het. Dit was 'n krisisdebat sonder krisis. **Daar was te veel aanbiedinge vir konsumpsie buite die Volksraad . . .**"

### MOES DOODDRUK

**Intussen het „die volk daarbuite" fakkel aangesteek by die partypolitieke tonteldoos en sommige fakkels het net begin hoog vlam — so hoog dat die Engelse partypers in een geval 'n nat kombers op die fakkel moes druk.** Terwyl een van die Torch Commando se leiers, groepkaptein A. G. Malan, aan sy gehore beduie dat Suid-Afrika „sy grootste krisis in sy geskiedenis" beleef (blykbaar strek Suid-Afrika se geskiedenis vir hierdie fakkeldraer nie juis verder as die geskiedenis van die Torch Commando nie) het 'n ander leier, majoor Selby, al begin praat van onkonstitusionele optrede teen 'n „regering wat hom aan bewind hou strydig met die bepalings van die grondwet."

Dit was hier waar die Cape Times gemeen het dat die vlam te hoog brand vir gewone verkiesingsdoeleindes. In 'n hoofartikel betig die blad majoor Selby in die volgende bewoording:

„Ons keur sulke verklarings . . . dat die Torch Commando tot onkonstitusionele optrede sy toevlug kan neem, af. Hierdie woorde pas iemand maar sleg wat lid is van 'n organisasie wat tot stand gekom het vir die verdediging van die konstitusie en dus vir konstitusionalisme."

### GEEN REBELLIE

Uitlatings van die aard van die Torch-leiers saam met suggesties en berigte van regeringsgesindes as sou 'n rebellie onder leiding van die Torch Commando op hande wees, dien weer om die verontwaardiging van die ander deel van die „volk daarbuite" of „stemvee" ten toppunt te dryf.

**Maar daar sal geen rebellie wees nie. Die Verenigde Partypolitici is nie van plan om 'n rebellie onder leiding van Kane-Berman of Sailor Malan toe te laat waarin die party tweede viool of glad geen viool sal speel nie, en net soos die Herenigde Nasionale Party van dr. Malan in 1941 al sy mag teen die Ossewabrandwag gekeer het toe laasgenoemde sy stryd te ernstig begin opneem het na die sin van die partypolitici, net so sal die Verenigde Party-politici en sy pers die fakkels dooddruk sodra hulle meer doen as stemme vir die volgende verkiesing te brandmerk.**

Dr. Malan het mnr. Strauss reeds aan sy destydse optrede herinner toe hy, volgens Die Burger van 19 April, die volgende vraag gestel het: **„Onthou u nog wat óns in verband met ondergrondse bedrywighede die tyd gedoen het?"**

### VERWAG STRYD

Dat ook die regeringspers V.P.-optrede teen die Torch Commando verwag sodra hierdie deel van die „volk daarbuite" die vlamme hoër blaas as wat 'n verkiesing regverdig, blyk uit 'n vergelyking wat Die Burger verlede jaar tussen die O.B. en H.N.P. aan die een en die Torch Commando en die V.P. aan die ander kant gemaak het. Die blad het onder meer geskryf:

„Daar is dus stellig Verenigde Partyleiers wat die ontwikkeling en groei van die nuwe mededinger met 'n mate van kommer sal dop hou. **Hulle wil nie 'n soort O.B. naas hulle op die politieke terrein hê nie. As hulle die W.V.A.C (Torch Commando) kan gebruik, sal hulle dit doen, maar hulle sal veg teen 'n alternatiewe opposisie-leierskap en alternatiewe metodes en programme — agter die skerms so lank hulle kan, maar openlik as dit nie anders kan nie.**"

Solank dit bly by blou oë en vrot eiers — wat nou weer hul verskyning op partypolitieke vergaderings begin maak — sal die partypolitici die vlamme aanblaas. Sodra die „volk daarbuite" egter met „alternatiewe metodes en programme" kom, sal die eindfluitjie blaas en sal ons weer verkiesing hou oor hoë lewenskoste, soos in 1943.


Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY

**SANLAM**

IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind — by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM

★


# Vrystaatse Offisiere Vergader



MNR. J. VAN DER MERWE

Die hoofoffisiere van die Vrystaat, Gebied C, vergader Vrydagoggend, 9 Mei, om 11-uur op die plaas Serame, naby Kaallaagte, van mnr. Japie van der Merwe, wat tydelik waarneem as Gebiedsleier.

Die vergadering is belê in opdrag van mnr. J. A. Smith, waarnemende leier van die O.B., en by die geleentheid sal o.m. die reorganisasie van die Ossewabrandwag in die Gebied geloods word.

Alle hoofgeneraals, generaals en hoofkommandantes word versoek om teenwoordig te wees. Ander belangstellende lede van die O.B. is ook welkom.

Offisiere moet by mnr. Japie van der Merwe navraag doen vir meer besonderhede.

# Tee-Aand

'n Gesellige tee-aand is op 18 April ten huise van die waarnemende generaal van die noordelike voorstede, mnr. J. A. Strauss, en mev. Strauss, op Tiervlei gehou. Die opkoms was groter as by vorige geleenthede en die gebruiklike kollektetjie ten behoewe van die O.B.-blad het £3 beloop.

Die volgende tee-aand word by mev. M. Kilian, Glen Hurstweg, Tiervlei, gehou op 2 Mei.

**Japan,** wat hierdie week 'n vredesverdrag van die Westerse moondhede ontvang het, het 'n vredesverdrag met Nasionale Sjina (Tsjiang Kaisjek) gesluit, en daarmee hom meer antikommunisties geopenbaar as Brittanje wat nog steeds weier om Nasionale Sjina te erken.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# DIE SLANG EN SY STERT

**Wat gebeur as 'n slang homself begin insluk van sy stertkant af? Die wetsontwerp van dr. Dönges vir die instelling van 'n nuwe hof van parlementslede kan moontlik dieselfde probleem skep.**

Veronderstel die Verenigde Party gaan betwis die nuwe wet weer in die hof, soos adv. Strauss reeds onderneem het om te doen. Dit uiteindelike Appèlhofuitspraak mag eers laat in aanstaande jaar kom. Intussen kon daar 'n verkiesing plaasgevind het wat deur die Verenigde Party gewen is. As die Appèlhof dr. Dönges se wet handhaaf, kan adv. Strauss die appèlleer na die „Hoë Hof van die Parlement," wat dan sy eie party se hof sal wees. **Hierdie hof sal dan kan bevind dat hy geen reg van bestaan het nie.**

**Die antwoord op die slangraaisel is natuurlik dat 'n slang homself nie sal insluk nie. Adv. Strauss se „Döngeshof" sal homself ook nie vernietig nie. Die Strauss-bewind sal eenvoudig net 'n wet maak om die Kleurlingwetgewing te herroep — die saak waarom die hele stryd eintlik gaan.**

# *Van Wêreld se Bevolking Woon Helfte in Asië*

Die bevolking van die wêreld tel tans 2,399,900,000 volgens die jongste berekening van die V.V.O. se kantoor vir statistieke. Helfte van hierdie mense woon in Asië (met uitsluiting van Rusland se miljoene).

Die bevolkings vir die onderskeie wêrelddele is as volg: Noord - Amerika 216,300,000; Suid-Amerika 111,400,000; Afrika 198,000,000; Europa (sonder Rusland) 396,300,000; Rusland 193,000,000 en Asië 1,272,000,000.

# „MEES GESLAAGDE" FOLTERMETODE VAN KOMMUNISTE

**Wat genoem word die mees geslaagde martelmetode word nou deur die kommuniste in Hongarye gebruik. Na berig word is daar in die nuwe hoofkwartier van die politieke polisie in Boedapeest drie ondergrondse verdiepings aangebring wat spesiaal as martelselle gebruik word. Een ry bestaan uit die gevreesde sement-rubber-doodkiste wat die doeltreffendste martelmetode is wat nog sover gebruik is. Die metode kom hierop neer:**

In 'n smal donker gang is daar 'n hoë muur met nisse waarin doodkiste van gewone grootte geplaas kan word. Die persoon wat gemartel moet word, word in 'n doodkis geplaas en meegedeel dat hy lewendig begrawe gaan word. Die doodkis word dan toegemaak en in een van die nisse gesit net soos in 'n gewone graf. In die duister en in algehele stilte ondergaan die slagoffer dan al die lyding van 'n dood weens gebrek aan lug. Buitekant is daar egter 'n instrument waarvan die slagoffer onbewus is, wat die presiese hoeveelheid suurstof in die kis aandui. Sodra die lug in die kis die punt bereik dat dit die slagoffer bewusteloos laat word, word 'n nuwe voorraad suurstof ingepomp wat hom laat herlewe. Dan begin die proses van vooraf aan.

Die verskrikking is so erg dat na die derde keer die sterkste persoon bereid is om enigiets te erken.

Intelligence Digest, wat hierdie feite openbaar, verklaar dat die handhawing van handelsbetrekkinge deur die demokrasieë met lande wat hierdie soort verskrikking bedryf, die geloof in christelike demokratiese beginsels skok by die mense agter die Ystergordyn wat juis moet help om hierdie magte omver te werp.


**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN
**Besoek ons of skryf om besonderhede**

**NET 'N PAAR ITEMS**

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... @ 15/- elk
Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... @ 29/6 elk
Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... ... ... @ 6/9 elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/- per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/8 per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 5/7 per Riem
Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

***Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.***

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071**